Alle Falcon-toerusting word plaaslik in Howick vervaardig en is ontwerp om eenvoudig, veilig en diensbaar te wees en uitstekende waarde vir geld te bied. Dit is stewig en sterk, en die eenvoudige ontwerp en min slytdele verseker dat instandhoudingskoste minimaal is. Vernuwing is 'n deurlopende strewe by Falcon en is gebaseer op ons evaluering van klante se veranderende behoeftes. Voortreflike klantediens is ook deel van die Falcon-belofte. Ons toerusting is gebou om te hou en is in staat om Suid-Afrika se strawwe toestande die hoof te bied.

Produkgroepe en produkte

Wentelsnyers
Ligtediens
Mediumdiens
Swaardiens
Ekstraswaardiens

Hooimaaktoerusting
Haymakers®
Baalhanteringstoerusting
Uniloaders™

Strooiers
Misstrooiers
Kalkstrooiers

Grondbewerkingstoerusting
Rotavators (en Saadbedvormers)
Ploeë

Grassnyers
Blowermowers™
Grassmulchers™
Rollersnyers
Rotagangs™

Mulchers
Fieldmulchers™
Side Discharge Mulchers

Ingevoerde Produkreeks
Die volgende produkreekse word deur Falcon Agricultural Equipment ingevoer en versprei:
Wentelsnyers
Woods Batwing BW1800 4.5m
Woods Batwing BW3240 6m
Grassnyers
Votex-swaailemsnyer
Votex-reiksnyer
Strooiers
Amazone
Stokkiekappers
Votex-stokkiekapper

FALCON
werk vir jou!

Tel: +27 (0)33 330 4764
Faks: +27 (0)33 330 2120
E-pos: info@falconequipment.co.za
www.falconequipment.co.za

Haymaker®-reeks

Model	Sny-wydte (m)	Lemme	Ratkas	Gly-koppelaar	Totale Massa (kg)	Dimensies Lengte / Wydte (mm)		Sny-hoogte Min/Maks (mm)
F40/120V	1.2	4	1 050	STD	345	1 480	1 420	10/140
F80/150V	1.5	2	F80V	STD	513	1 830	1 730	40/155
F80/150EV	1.5	2	F80V	STD	557	1 830	2 050	40/155
F80/180V	1.8	2	F80V	STD	553	1 960	2 040	40/155
F80/180EV	1.8	2	F80V	STD	610	1 960	2 350	40/155
F80/200V	2.0	2	F80V	STD	656	2 250	2 260	40/155
F80/350V	3.5	4	F80V	STD	1 298	2 250	3 750	40/140

FALCON

HAYMAKERS®

Die Falcon Haymaker® is die gewildste hooisnymasjien in die land. Hierdie wentelsnyer is vinnig, doeltreffend en moeitevry. Die verskillende modelle se snywydtes wissel van 1,2 m tot 3,5 m. Die spesiaal-ontwerpte hoëvryhoogte-bakwerk, deflektor en lang-as-ratkas skep ruimte onder die dek om die vrye vloei van materiaal te verseker en dubbelsny te verhoed, terwyl die tonnel en vingers 'n netjiese windry vorm wat gou uitdroog. Dit is die ideale masjien vir die maak van hoë-gehalte-hooi!

FALCON-HAYMAKERS®

F40/120V Haymaker®

Vir kleiner plase …
Die F40/120V Haymaker® is 'n veeldoelige wentelsnyer vir kleiner trekkers (35 kW tot 50 kW). Hierdie masjien kan suksesvol hooi sny en al die ander snywerk op die plaas behartig. Die eenheid het 'n snywydte van 1,2 m. Dit is suksesvol in verskeie hooigewasse getoets, insluitend lusern. Die masjien beskik oor 'n ronde, lae-impak-lemskyf wat met óf twee óf vier vryswaaiende lemme toegerus kan word. Twee lemme is doeltreffender vir hooisny, omdat dit 'n produk lewer wat net een keer gesny is. Vir algemene bossiekapwerk en bobemesting op weidings is vier lemme meer effektief.

F80/180EV Haymaker®

Medium-grotes …
Die intermediêre reeks Haymakers®, vir trekkers tussen 48 kW en 80 kW, het snywydtes van 1,5 m, 1,8 m en 2,0 m onderskeidelik. Hierdie reeks geniet verreweg die grootste aandeel van die hooimaakmark, met meer as 7 500 masjiene wat al landwyd verkoop is.

F80/350V Haymaker®

En grotes …
Om groter trekkers (meer as 75 kW) te akkommodeer, het Falcon die F80/350V Haymaker® bekendgestel - 'n dubbelrotormasjien met 'n snywydte van 'n 3,5 m. Dit beteken dat een trekker en Haymaker® nou soveel in 'n dag kan sny as wat voorheen twee trekker-Haymaker®-eenhede sou geverg het, met beduidende brandstof- en arbeidsbesparings as 'n gevolg.

FALCON
werk vir jou!

FALCON-KONSTRUKSIE

Falcon Haymakers® word vervaardig van topgehalte-staalplate wat spesiaal met gestiksweiste hoek- en kanaalyster versterk is om verwringing en spanningsbreuke te verminder. Ons gebruik 45°-plaatsteun-insetsels om maksimum sterkte te verseker.

Die sypanele kan opgelig of laat sak word om die snyhoogte na gelang van die verlangde afwerking te verstel. Die paneelboutkoppe is in seshoekige holtes versink, sodat slegs een sleutel vir hoogteverstelling nodig is. Die sypanele loop op staallopers.

Romp word 45 Grade Gebuig

Die topmas, wat aan die trekker se bo-arm gekoppel word, is op busse gemonteer, aan die implement vasgebout en dan verder met trekvaste kettings na agter op die implement vasgemaak. Hierdie buigbare koppelstuk laat die wentelsnyer toe om die grondkontoere te volg. Die onderste koppelpunte is die vurktipe met los penne aan die 1,5 m- en wyer masjiene. Die kleiner masjiene het vastepentipe onderste koppelpunte.

Veiligheidsflappe

Staalflappe agter aan die masjien bied beskerming teen vlieënde klippe en ander los materiaal.

5-stap-skoonmaakproses

Metaalbehandeling en verfwerk
Alle Falcon-masjienonderdele ondergaan 'n vyftenk-suurbadskoonmaak- en fosfaatbehandelingsproses. Die grondverflaag word dan deur algehele onderdompeling in 'n verftenk aangebring, wat verseker dat alle versteekte dele, holtes en ander ruimtes bereik word. Voordat die finale emaljekleurlaag aangebring word, word alle oop nate eers met 'n spesiale verseëlaar verseël om die toerusting teen vog te beskerm.

Spuitverf

Alle boute, kettings, ketting-koppelings en penne word geëlektroplateer om dit teen korrosie te beskerm.

Snymeganisme

Die Falcon-snymeganisme
Falcon Haymakers® is toegerus met getemperde-veerstaal-lembalke en twee lemme wat aan verharde busse swaai en met spesiale lemboute vasgebout is.

Tensy anders vermeld, is die lemme die gepatenteerde 8 mm-“piesang”-ontwerp, om 'n skoon snit en 'n lang lewe te verseker.

Kragaftakas en Glykoppelaar

Dryfasse
Alle masjiene word voorsien met gepaste, ten volle beskutte kragaftakkerasse. Wringkragbeperkende glykoppelaars word voorsien waar dit gespesifiseer word. Opsionele vryloopkoppelaars kan voorsien word indien nodig.

Falcon-ratkas

Die Falcon-ratkas
Een van die suksesgeheime van die Falcon Haymaker® is dat die F80V-reeks met Falcon se plaaslik-vervaardigde ekstra-swaardiens-ratkas toegerus is.

Die Falcon-ratkas, wat volledig deur Falcon vervaardig word, het bewys dat dit in alle gebruiksomstandighede 'n lang, moeitevrye lewensduur het. Dit is spesifiek ontwerp om Afrika se buitengewone werkstoestande te weerstaan en ook die groter krag van die nuwe-generasie-trekkers wat op die mark kom, te absorbeer. Die ratkas word vir twee jaar teen fabrieksfoute gewaarborg. Die gebruik van die lang-as-weergawe van die ratkas in die Falcon Haymaker® het herhaaldelik getoon dat wanneer 'n masjien in produksietake gebruik word, soos die sny van hooi dag na dag, hierdie ontwerp die enigste opsie is.